



ORANJE BOEK



LEIERSGIDS
Graad 4-6

JOHANNES MOUTON

BM
Bybel-Media



jeugfokus

INHOUDSOPGAWE



Vir die leier	5
1. Afskop	9
Tema 1 – God: wie God is en wat God doen	15
2. God is groot	17
3. God voorsien	23
4. God is heilig	27
5. God sorg vir ons	29
Tema 2 – Kerklike feeste	31
6. Lydenstyd: Jesus sterf vir ons	33
7. Opstanding: Jesus leef	35
8. Hemelvaart: Jesus kom weer	39
9. Pinkster: Fees van die Gees	43
Tema 3 – God se kinders: wie ons is en hoe ons leef	45
10. Ons is vergewe	47
11. Ons werk vir die Here	49
12. Ons is gedoop	51
13. Ons is verbondskinders	53
14. Ons sit aan God se tafel	57
Tema 4 – Ons verhouding met ander mense	59
15. Ons gee om vir mekaar	61
16. Ons bid vir mekaar	63
17. Ons kan vra – die Here luister	65
18. Ons is vriende met ander	67
Tema 5 – God se kinders in God se wêreld	71
19. Loof God vir sy skepping	73
20. Pas God se wêreld op	75
21. Doen alles vir die Here	77
22. Dit is Kersfees	81

TEMA 3

**GOD SE KINDERS:
WIE ONS IS EN HOE ONS LEEF**

ONS IS VERGEWE

AGTERGROND

Doel

Dat die kinders sal besef ons verhouding met God ly skade as gevolg van sonde, maar dat God die inisiatief neem om die verhouding te herstel. Die kinders moet iets van die wonder van genade verstaan.

Bybelgedeelte

Johannes 21:15-17.

Benodighede

Dit is belangrik dat die kinders ervaar dat God ons heeltemal vergewe en ons vrymaak van sonde. Om dit te verduidelik gaan jy 'n beeld gebruik waarvoor jy 'n klein rugsak en 'n paar groterige klippe nodig het.

AANBIEDING

Omgee

Verwelkom die kinders. Hoor hoe hulle week was. Is daar iets waarvoor julle vir die Here wil dankie sê? Doen dan 'n dankgebed.

Insig

Laat een van die kinders voor staan met die rugsak op sy of haar rug. Verduidelik vir hulle die klippe verteenwoordig verskillende sondes. Vra dan vir die kinders om verskillende sondes te noem. Elke keer wat hulle 'n sonde noem, sit jy 'n klip in die rugsak totdat die rugsak lekker swaar is. Vra dan vir die kinders of hulle met die rugsak vol klippe skool toe kan gaan, sport kan doen, saam met vriende kan speel, vakansie kan hou of kerk toe kan gaan. Nee, ons gaan sukkel om enigiets te doen met so 'n swaar rugsak op ons rug.

Verduidelik dan: Sonde maak so! Dit is soos om met 'n swaar rugsak vol klippe skool toe te gaan, sport te doen of kerk toe te gaan. Dit belemmer jou verhouding met God en met ander mense. Daarom moet ons vir die Here jammer sê vir ons sonde, en deur Jesus se bloed word ons sonde weggevat. Haal die klippe uit die rugsak om te illustreer die sondes word vergewe sodat ons weer ligter kan leef.

Met die beeld van die rugsak in gedagte, kom ons lees Johannes 21:15-17. Vertel eers vir die kinders die agtergrond van die verhaal. Julle ken die storie van Jesus se kruisiging. Julle onthou dat Hy voor die tyd verhoor is. By hierdie hofsaak het Petrus tussen die mense probeer wegkruip om te sien wat met Jesus gaan gebeur. Van die mense het hom herken en hom beskuldig dat hy een van Jesus se vriende is. Hy het toe drie keer hard en duidelik gesê hy ken nie vir Jesus nie.

Vra die volgende vrae nadat jy die teksgedeelte gelees het. Formuleer telkens jou eie opvolgvrae.

- Hoe weet ons Jesus was nie tevrede met Petrus se eerste antwoord nie? As Hy tevrede was, sou Hy nie die vraag herhaal het nie.
- Wat, dink julle, is die verskil tussen die drie vrae wat Jesus vir Petrus vra? *Wys vir die kinders hoe Jesus elke keer die vraag vir Petrus 'n bietjie makliker maak.*
- Dink julle Jesus was kwaad omdat Petrus Hom verloën het? Hoe weet julle dit? Nee, want Jesus gee steeds vir hom 'n opdrag. Hy wil hom steeds gebruik.
- Wanneer Jesus sê "Pas my skape op" of "Laat my lammers wei", klink dit of Hy vir Petrus wil straf of dat Hy vir Petrus vergewe? Jesus is steeds lief vir Petrus en vergewe hom. Ons sien hoe Petrus foute maak, maar Jesus tel hom steeds op.

Nadenke

Vra die kinders:

Hoekom dink julle het Jesus vir ons gesterf? Omdat Hy vir ons lief is en sodat ons sondes vergewe kan wees.

Wanneer jy soms iets verkeerd doen, sal God jou straf of jou steeds liefhê en vergewe? Dit gebeur steeds dat ons verkeerde dinge doen, maar God bly lief vir ons en vergewe ons elke keer.

Uitleef

God bly lief vir ons en vergewe ons. Watter verskil maak dit aan die manier hoe ons elke dag leef? Dit maak ons lewe ligter. Dit maak ons dankbaar. Dit maak dat ons meer en meer wil leef soos wat die Bybel van ons vra. *Moedig die kinders aan om dit vir iemand te gaan vertel.*

Afsluiting

Sluit af met hierdie gebed: Dankie, Here, dat U lief is vir ons en ons elke keer vergewe. Help ons om elke dag te probeer om volgens die Bybel te leef. Amen.

ONS WERK VIR DIE HERE

AGTERGROND

Doel

Dat dit 'n wonder is dat God ons roep. Ons kry geleentheid om op sy beloftes te reageer en Hy stel ons in staat om sy opdragte uit te voer.

Bybelgedeelte

Josua 1:1-9.

AANBIEDING

Omgee

Verwelkom die kinders. Hoor hoe hulle week was. Is daar iets waarvoor julle vir die Here wil dankie sê? Laat almal stil word en open dan met gebed.

Insig

God gee vir ons opdragte. Soms voel die opdragte baie moeilik of selfs onmoontlik om reg te kry. Die goeie nuus is dat Hy self vir ons wil help om sy opdragte uit te voer. Kom ons lees gou van iemand wat so 'n opdrag gekry het. *Jy kan dit self lees of vir die kinders vra om elkeen 'n vers te lees. Laat die kinders in groepies van twee of drie gaan sit met hulle Bybels (of jy kan die teksgedeelte fotostateer en vir hulle uitdeel). Stel die volgende vrae en laat dan die kinders die antwoorde in die teksgedeelte soek:*

- Watter opdrag (werk) gee die Here vir Josua (v 1-4)? Josua moet die volk deur die Jordaanrivier na die beloofde land laat trek.
- Watter versekering (belofte) gee die Here vir Josua (v 5)? Die Here sal by Josua wees; Hy sal hom nie in die steek laat of hom verlaat nie.
- Wat moet Josua doen om God se opdrag te gehoorsaam (v 6-8)? Hy moet sterk en vasberade wees. Hy moet vashou aan die wet soos Moses dit vir die volk gegee het.

Nadat hulle die vrae beantwoord het, kan jy as volg kommentaar lewer: Dit bly wonderlik dat God ons roep om sekere goed te doen. Ons verstaan nie altyd dat Hy ons, met al ons foute en tekortkominge, wil gebruik nie. Gelukkig los Hy ons nie. Hy help ons en ondersteun ons om sy opdragte te gehoorsaam.

Lees vir die kinders Filippense 2:13. God maak ons gewillig en bekwaam om Hom te gehoorsaam.

Nadenke

Ons het vandag na Josua se geskiedenis gekyk. Die Here het hom wonderlik gebruik om die volk na die beloofde land te lei.

Kom ons dink 'n bietjie aan die opdragte wat God vandag nog vir mense gee. Laat die kinders voorbeelde noem. Dink aan goed soos: vertel mense van Jesus; besoek siekes; wees vriendelik; troos mense wat hartseer is; gee honger mense kos; bid; wees gehoorsaam aan jou ouers en onderwysers, en so meer. Gesels met die kinders oor die voorbeelde wat hulle noem sodat dit nie vaag bly nie, maar konkreet is.

Wat moet ons doen as ons bang is om die Here se opdragte uit te voer? Ons vra Hom om ons te help en vertrou dat Hy dit sal doen.

Uitleef

Hierdie ontmoeting bied weer 'n geleentheid om as groep saam diensbaar te wees. Dink aan maniere om in die komende week of miskien tydens volgende week se ontmoeting diensbaar te wees.

Moedig die kinders aan om Filippense 2:13 te memoriseer. Julle kan dit 'n paar keer saam hardop herhaal.

Afsluiting

Sluit in die groepies af met gebed as die kinders die vrymoedigheid het.